Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

JAARGANG XXIII | 20 SEPTEMBER 1967 | Nr. 1

ENBRITE
ELEKTRIESE MPY. (Edms.) Bpk.
Von Wiellighstraat 9B, POTCHEFSTROOM.
Besoek ons vir elektriese benodigdhede, hardeware, vlekvrye staal, porseleinware en tafellinne van hoë gehalte.
Telefoon: 6213

Beleidsverklaring:

SR sal leuse van Eerste Minister navolg

AS die resultaat van 'n besluit wat deur die vorige Studenteraad geneem is, is die tradisionele jaarprogram op die jongsgehoue massavergadering deur 'n beleidverklaring vervang. Die volledige verklaring soos dit deur die Studenteraadsvoorsitter, mnr. Willie Coetzee, gedoen is, lui soos volg:

Vir die eerste keer word op hierdie vergadering nie 'n jaarprogram gelewer nie, maar word 'n veel ryker en omvattender verklaring deur die Studenteraad aan die studentegemeenskap voorgehou, nl. 'n beleidstelling.

Die doel van hierdie beleidsverklaring is dat die studente bewus moet wees van wat hierdie Studenteraad beoog en hoe ons beplan om van nut te wees, nie alleen vir die Puk-student nie, maar ook vir ons Alma Mater in die breë.

As statutêr-goedgekeurde liggaam is die Studenteraad in staat om sowel na binne as na buite 'n relatief sterk posisie in te neem. Konstitusioneel is 'n Puk-studenteraad in staat om veel te vermag en nou sal dit dwarsdeur ons termyn van hierdie Studenteraad afhang om aan u te toon of ons sterk antwoord op die roepstem.

Mnr. W. N. Coetzee
(Foto: De Zee)

LEUSE

Sonder om hier die eventuele doel uit die oog te verloor, wil ek eerder klem laat val op die onmiddellike taak wat voorhande lê. In die res van die verklaring wil ek my besig hou met die taak van die Studenteraad soos ek dit sien en waardeur die Studenteraad gehoor kan gee aan die leuse wat ons geagte Eerste Minister vir Suid-Afrika gestel het, nl: „Vervul jou Roeping."

AKTIVERING

As eerste taak van die Studenteraad sien ek die aktivering en ordening van die studentelewe alhier. Deur grootliks gebruik te maak van die hoofliggame nl. Korps, A.B.K.K., P.N.B., S.S.B. en A.O.B., sal ons sorg dat organisasie op elke besondere gebied deur deskundiges waargeneem word. Deur meer organisatoriese sake aan die hoofbesture oor te laat sal die S.R. ook vryer wees om met groter welslae na buite op te tree. Ek kom hieronder weer hierop terug.

Ons sal verder toesien dat tot 'n groter mate gedesentraliseer word deur die hoofliggame sodat meer studente meer aktief kan deelneem aan sake waarin hulle belang het. Deur so 'n werkverdeling kan 'n studentegemeenskap met vitaliteit verseker word en is dit logies dat meer en groter projekte aangepak sal word. Ek dink hier bv. aan die karnaval wat ons vir 1968 in die vooruitsig stel.

DIENS

Wat betref die ordening en algemene beleid ten opsigte van die studentegemeenskap sal hierdie Studenteraad voortgaan in die bane wat in die verlede geskep is en sal ons leuse steeds wees: Diens aan die Puk-student!

Die afgelope verkiesing het 'n opbloeiende belangstelling in die Studentelewe getoon. Ek wil vanaand van u vra dat u hierdie belangstelling moet vertroetel en laat uitblom, want sonder u hulp en medewerking, geagte Pukke, is ons nie in staat om enigiets wat ons graag wil doen, te verrig nie.

SKAKEL

Na buite erken hierdie Studenteraad ook die hoogste gesag van die Raad van die Universiteit, maar ons wil tog op 'n beskeie manier probeer om as skakel te dien tussen die Puk-student en die wye wêreld hierbuite. Ons wil die Puk-studentegemeenskap bekendstel aan die wêreld, maar ons wil self ook leer en put uit dit wat buite ons kampusgrense plaasvind.

Op A.S.B.-vlak sal hierdie Studenteraad voortgaan om 'n lewendige, en as ek mag waag om dit te sê, 'n leidende aandeel te hê in die werksaamhede van hierdie mooi organisasie. Wat Nusas betref sal ons kennisneem van hulle aksies, want ek glo dat 'n mens ook van 'n ander se foute heelwat kan leer.

BESOEKE

Verlede termyn is 'n suksesvolle skakeltoer na U.O.V.S.,

(Vervolg op bladsy 5)

Die lede van die S.R.-dagbestuur In gewone volgorde verskyn: Nic Lessing, Willie Coetzee, Dirk Laufs, Callie Coetzee en Johan van der Walt.
(Foto: De Zee)

V.S.A. moet weg

„Varsity", die studenteblad van die Universiteit van Kaapstad, doen in sy uitgawe van 30 Augustus 'n sterk aanval op die Amerikaanse beleid in Viëtnam.

In die hoofartikel word 'n vereniging wat plakkate téén Amerikaanse optrede in Viëtnam op die kampus aangebring het, met hulle optrede gelukgewens.

ONDERSTEUNING

Die artikel lui o.a. soos volg: „Die Viëtnamese bevolking moet toegelaat word om hulle verdeelde land sonder die „ondersteuning" van óf die Verenigde State óf die Sowjetunie te bestuur".

„En dit beteken dat die V.S.A. uit Viëtnam moet padgee."

Studenteraad

Die Studenteraad vir die termyn 1967—68 sien soos volg daar uit:

Voorsitter: W. N. Coetzee.
Korpsverteenwoordigers: J. P. L. van der Walt (O/Voors.)
K. A. J. van Rensburg.
J. J. Venter.
A.B.K.K.-verteenwoordigers:
J. A. Kruger.
D. Laufs (Sekretaris)
A. G. S. Venter.
S.S.B.-verteenwoordigers:
Mej. R. de Klerk.
C. F. Kistein.
P. F. S. Mulder.
P.N.B.-verteenwoordigers:
C. F. C. Coetzee (add. lid van dagbestuur)
C. G. van der Merwe.
C. J. Coetzee.
A.O.B.-verteenwoordigers:
L. M. Fourie.
P. J. Buys.
C. J. Smit.
Penningmeester: N. Lessing.

Besembos is goed ontvang

Geskiedenis is vanjaar gemaak toe die massa reeds op Maandag 11 September in staat gestel is om eksemplare van Die Besembos te bekom. Nie elleen is algemene tevredenheid hieroor uitgespreek nie, maar die gehalte van die blad het hoë lof van persone binne en buite die studentelewe uitgelok.

In 'n onderhoud met Die Wapad het mnr. Neels Smit, die redakteur, verklaar dat hy dankbaar is vir die ontvangs wat die blad geniet het. Hy het dit toegeskryf aan die feit dat die blad so vroeg verskyn het dat dit nie weens bloktyd en die eksamens op die agtergrond geskuif is nie.

SPIEËLBEELD

Mnr. Smit het voorts verklaar dat die redaksie vanjaar gepoog het om 'n blad daar te stel wat, benewens die feit dat dit 'n hoë akademiese standaard moes handhaaf, ook 'n spieëlbeeld sou wees van die P.U. en sy studente. „Dit moet die venster wees waardeur die buitekring kan sien wat die terrein en taak van die student binne die akademese fort is," het hy gesê.

OORBLY

Van die 1967-uitgawe van Die Besembos, wat aan die rektor, prof. Bingle, opgedra is, is in teenstelling met verlede jaar slegs 1200 eksemplare gedruk. Hoewel al die eksemplare nog nie verkoop is nie, wil dit voorkom of daar min gevaar bestaan dat daar eksemplare sal oorbly. Die Besembos sal moontlik nog net gedurende hierdie week tydens kafeteria-ure verkoop word, het mnr. Smit gesê.

OORKONDE AAN PREMIER OORHANDIG

Op 'n dinee wat op Donderdag 7 September in die Constantia-klub in Pretoria gehou is, het mnr. Ben de Klerk, president van die A.S.B., namens die bond 'n oorkonde aan die Eerste Minister, mnr. B. J. Vorster, oorhandig.

Die oorkonde, wat deur die A.S.B. opgestel is en onder studente aan die Afrikaanse inrigtings gesirkuleer het, is deur sowat 10,000 studente onderteken.

SIMPATIEK

Mnr. De Klerk het in sy toespraak tydens die oorhandiging gesê dat hy glo dat as sekere universiteite die gewetensklousule wou afskaf, hulle aansoek op simpatieke ore by die Eerste Minister sal val.

NIE VAN PAS

In sy bedanking het mnr. Vorster gesê dat hy nog altyd van mening was dat die gewetensklousule nie van pas is by enige Suid-Afrikaanse universiteit nie. As Eerste Minister is hy egter nie volgens wet by magte om die gewetensklousule af te skaf nie.

PERDEBY

Bibliotekaris op raad aangestel

Prof. H. C. van Rooy, universiteitsbibliotekaris en hoof van die departement Biblioteekkunde, is deur die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap aangestel as voorsitter van die Biblioteekadviesraad, wat die minister aangaande biblioteeksake moet adviseer.

TRANSVALER.

Sewe Tokkelokke in Studenteraad

Onder die agtien lede van die nuwe Studenteraad is die tokkelokke in 'n besondere sterk posisie — daar is altesaam sewe van hulle. Daar is verder vyf B.A.-studente, twee wat in die regte studeer, drie B.Sc.-studente en een persoon wat vir die B.Comm.-graad studeer.

Hoofredakteur

Mnr. Tom Larney is deur die Studenteraad aangewys as hoofredakteur van Die Wapad vir die termyn 1967—68.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE
TOMSTRAAT 88B & C
FOON 5943, 3377

JOUBERT MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420,
POTCHEFSTROOM.

Vir
MODERNE MEUBELS
en alle
HUISHOUDELIKE TOERUSTING

Ons spesialiseer
in die verskaffing van die
Jongste Plaat-opnames
Kom besigtig ons groot reeks.

GISELA MAIWALD
Fotograaf en Fotografiese dienste.
TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOM

BOUQUET
BLOEMISTE,
STADSENTRUM,
Tel. 6575.

GROSVENOR MOTORS
LOMBARDSTRAAT 47
KERKSTRAAT 69
TELEFOON: 4351/2/3
GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA —
CORSAIR — ZEPHYR —
ZODIAC — FAIRLANE en
GALAXIE
Asook:
Vespa
en
Lambretta
BROMPONIES

VIR AL U APTEKERS- EN
FOTOGRAFIESE
BENODIGDHEDE
BESOEK:
APTEKERS J. P. VAN DER WALT
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 118
Potchefstroom
TELEFOON: 3237

die WAPAD
20 SEPTEMBER 1967

Diens

Die verkiesings van verlede week het die studentelewe aan die P.U. alles behalwe onveranderd gelaat. Op die bestaande besture het nuwe persone die poste gevul. Nuwe besture is verkies.

Niemand sal seker wil verskil van die mening soos deur die verkiesingsbeampte uitgespreek nie, nl. dat in hierdie verkiesing reeds die vrugte van die kommissie van ondersoek se werk en aanbevelings gesien kan word nie. Inderdaad het ongekende belangstelling in hierdie verkiesing geheers.

Wat nou vir elke Studenteraadslid, elke hoofbestuurslid, elke bestuurslid en vir elke Pukstudent voorlê, is om toe te sien dat hierdie belangstelling nie gaan verflou totdat die studentelewe uiteindelik niks anders gaan wees as die agtergelate toestand in 'n nuwe baadjie nie.

Die enigste manier waardeur hierdie doelwit bereik kan word, is harde werk, nie net van die P.N.B. en A.O.B. wat in die studentelewe gevestig moet word nie, maar ook van elke ander hoofliggaam en bestuur met hulle lede.

Die pas hiervoor is reeds aangegee deur die Studenteraad in hulle beleidsverklaring met die leuse „Diens aan die Pukstudent." Hierdie is geen ydele woorde nie. En dit sal ook geen leë woorde bly nie, maar dan moet elkeen wat in 'n pos verkies is, van die belangrikste tot die onbelangrikste, hom of haar daadwerklik ten doel stel om werklik diens te lewer.

Hierdie diens bestaan nie net uit die hou van vergaderings nie; dit bestaan nie uit die lug van vele slim menings nie; dit bestaan nie in die organiseer van dinees en afskeidsgesellighede aan die einde van die jaar nie. Die eintlike diens is daardie waarvoor daar geen of min erkenning gaan wees, daardie takies wat nie noodwendig gaan meebring dat die verrigter daarvan se naam elke week in Die Wapad verskyn of in bedankings genoem word nie. Van hierdie gaan veel van die sukses van die georganiseerde studentelewe afhang.

Dit is wat voorlê. Is elkeen bereid om werklik te dien en nie sy eie klein ideaaltjies te probeer verwesentlik nie, sal dit goed gaan met ons studentelewe in 1968. So nie, kan ons Ikabod skryf oor die verslag van die kommissie en die strewe na 'n beter studentelewe. En dan kan ons begin dink aan lede vir meer kommissies.

Varsity en Kie.

Vir die leser van sommige Engelse studentekoerante in ons land moes dit lankal duidelik gewees het dat hulle hulself min beperkings oplê, en dat as hulle vasgevat word, dit gewoonlik tot 'n groot geklaag lei.

Die jongste sake waarop hierde aartsprotesteerders hulle visiere gemik het, was die nuwe grondwet vir U.K. se studenteraad en rektor Duminy se optrede na aanleiding daarvan, die opskorting van die studenteraad aan die Natalse Universiteit en die meer onlangse verbanning van „Varsity" in Kaapstad.

Wat die eerste twee sake betref, is genoeg gesê. Genoeg is om hier die betrokke twee rektore geluk te wens met hulle optrede, in die eerste geval om 'n astrante en voorbarige miskenning van landsbeleid te verhoed, en in die tweede om die volgehoue bemoeiing op groot skaal van „studenteleiers" in die politiek aan bande te lê.

Wat die verbanning van „Varsity" betref: dit het min mense verbaas en nog minder geskok. Van ons kant af sal dit sekerlik ook nie beween word nie. En as „Varsity" dr. Duminy beskou as 'n persoon sonder 'n begrip van hulle soort „fair reporting," word ons graag in dieselfde groep geklassifiseer. Om die eerlike waarheid te sê: die hoofredakteur se verduideliking van die „Is God Dead?"-berig is maar ietwat dun.

'n Koerant wat die gebrek aan goeie maniere vertoon om van „Vorster's government" te praat en dan nog daarby sy totale linksheid so duidelik openbaar as wat die geval is met die hoofartikel oor Amerika en Viëtnam in „Varsity" van 30 Augustus, moet nie verbaas wees as teen hom opgetree word nie, al is dit aan 'n „liberal centre."

Ons aan hierdie kant, en baie ander saam met ons (en dit sluit van die ouers van hierdie studente in, glo ons) verwelkom die houding van manne soos proff. Duminy en Horwood. Dit was lankal nodig.

Studente skryf en praat . . .

„Wat Nusas betref, sal ons kennisneem van hulle aksies, want ek glo dat 'n mens ook van 'n ander se foute heelwat kan leer." — Mnr. Willie Coetzee in die Studenteraad se beleidsverklaring.

„Many students are extremely dissatisfied with their exam-time-tables." — Berig in Rhodeo.

„Dis beslis die mees entoesiastiese gehoor wat ons nog ooit gehad het!" — 'n Lid van „Groep Twee" tydens 'n besoek aan die Stellenbosse Universiteit.

„Met so 'n massiewe ontspanningsbestuur lyk dit of die Pukke regtig volgende jaar gaan ontspan." — Gehoor by die stembus verlede Woensdag.

In U Lig

PSALM 27

'n Psalm van Dawid.

Die Here is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees? Die Here is die toevlug van my lewe: vir wie sou ek vervaard wees?

As kwaaddoeners teen my naderkom om my vlees te eet — my teëstanders en my vyande, ja myne — struikel hulle self en val.

Al word 'n laer teen my opgeslaan, my hart sal nie vrees nie; al staan 'n oorlog teen my op, nogtans vertrou ek.

Een ding het ek van die Here begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die Here om die lieflikheid van die Here te aanskou en te ondersoek in sy tempel.

Want Hy steek my weg in sy hut in die dag van onheil; Hy verberg my in die skuilplek van sy tent; Hy verhef my op 'n rots.

En nou sal my hoof hoog wees bo my vyande rondom my en ek wil in sy tent offerandes offer saam met trompetklank; ek wil sing, ja, psalmsing tot eer van die Here.

Hoor, o Here, ek roep luid; en wees my genadig en antwoord my.

Van U sê my hart: Soek my aangesig! Ek soek u aangesig, o Here.

Verberg u aangesig nie vir my nie, wys u kneg nie af in toorn nie: U was my hulp! Verstoot en verlaat my nie, o God van my heil!

Want my vader en my moeder het my verlaat, maar die Here sal my aanneem.

Here, leer my u weg en lei my op 'n gelyk pad, vanweë my vyande.

Gee my nie oor aan die begeerte van my teëstanders nie, want valse getuies het teen my opgestaan, en hy wat geweld uitblaas.

o, As ek nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie . . .

Wag op die Here! Wees sterk en laat jou hart sterk wees. Ja, wag op die Here!

- Deur My Lens -

Die verkiesing is verby. Die interessantste was die voorstelling van die nuwe studenteraad, en die beleidsverklaring. Die leë stoele in die saal het gemoedelik teen mekaar aangeleun en goedkeurend geknik. Sommiges het aan mekaaar gestamp en skalks geglimlag. Die nuwe S.R.-lede het aangedaan mekaar se hande geskud: dit was goed vir hulle om voorgestel te word — aan mekaar en aan die leë stoele. Toe het die leë stoele in applous uitgebars, S.R.-lede het nederig en toegewend saam hande geklap, die ene beskeidenheid. Al die stoele was tevrede. Mens wonder of die stoele verteenwoordigend van die P.U.-studentemassa sou wees?

Maar die minute word ure, daarom kan ek nie my tyd verkwis nie. Ek sal dus die vergadering nie in al sy besonderhede bespreek nie.

ONTSPOOR

Ons het onlangs dan ook geleentheid gehad om ons besonder onpretensieuse artistieke belewenisse tot 'n kulmineringspunt te sien ontwikkel: en dit in die opvoering van Moeder Hanna. Dat elke dosent en student van hierdie geleentheid gebruik gemaak het om hulle verhewe kunsaanvoelinge te bevredig, was duidelik. Dit het gespreek uit die bywonings van die aanbiedinge. Jammer net dat daar nog soveel wetenskaplikes is wat verdroog het in hulle studierigtings — in so 'n mate dat die ars poetica vir hulle slegs bestaan kan voer in hulle dowwe, muwwe akademiegroef. En ook Raka, met sy ongetemperde lag, sou hulle nie kon ontspoor nie, selfs nie vir enkele momente nie.

MONSTERKOPPE

In die verte sien mens reeds die onheilspellende skaduwees van grusame monsterkoppe. Jy hoor die sagte genotvolle grom van die Vreeslike. Jy sien, in die wegraak van die son, die skerp blits van ontblote tande. Jy kyk, jy luister — jy bewe. En dis hier binne in jou. Kortom: alleen maar die wete van die naderende eksamens. En dit nader vinnig. Ontstellend vinnig.

VISIOENE

Daarom help dit nie nou meer om te juig oor 'n glorieryke wedstryd nie, dit help nie om die jaar se wel en wee te bepeins nie, dit help nie om ouens af te maak wat simpel briewe in Die Wapad geskryf het nie, dit help nie nou om te treur oor verlore liefdes nie, alles help niks meer nie — en niks kan nie alles help nie. Daarom moet mens nou maar die afsondering van jou kamer gaan opsoek, jou deur toetrek en agter jou boeke stelling inneem. Dit sal mens natuurlik nie verhoed om te sit en prentjies teken nie, of om drome te droom en visioene te sien nie. Maar onthou: „die tyd drup deur die ore en die gister van elke more".

BENOUDHEID

Hierdie gedig het ek self gemaak — na aanleiding van die gedigte wat die afgelope week orals te lees was. Ek dra dit op aan my „liefhebbers", met simpatieke herinnering aan die komende benoudheid.

En voordat ek hierdie vergadering afsluit, gaan ek ook 'n beleidsverklaring maak. Noem dit my credo:

„Ek staan hier voor u en u vra my waaraan ek glo. Ek glo aan die Nasionale Party. Ek glo aan die ironie van die geskrewe woord."

„U vra my wat ek is? Ek is geen verligte nie. Ek is geen verkrampte nie. My vyande sê ek is oorbelig."

REFLECTOR.

BESPAAR !

Ons Lesers Skryf

Stel komissie aan oor gees, vra leser

Geagte Redakteur,— Ons vra baie na die eenheid van gees in die studentelewe. Veral met Intervarsity-tyd is dit 'n brandende vraagstuk. Maar het ons al ooit die saak ten diepste ondersoek? Ek dink ons behoort 'n kommissie te benoem wat sal ingaan waar die eenheid van die gees presies verdwyn het.

Ek wil een van die redes soek in die sing-songs. Waar is die dag dat een of meer persone spontaan in die studentesaal 'n liedjie sal aanhef wat die aand nog nie gesing is nie? As die ander dan ook „spontaan" by die inleier aansluit het ons mos 'n vorm van eenheid!

ADDENDUM

Dit spyt my om hier op te merk dat in die afgelope Intervarsity ons Pukke net vier liedjies gehad het wat ons kon sing! Kan ons dit nie asseblief aan ons „kommissie" opdra om te begin werk aan 'n addendum by die liedereboek nie? Ek reken as ons nog twintig liedere bykry, ons dalk nog twee of drie liedjies meer te sing sal kry op die paviljoen!

KREET

Ek dink dat ons „kommissie" goeie werk kan doen. want hulle kan sommer die kreet ook verander. 'n Meningsopname wat ek en andere onderneem het oor die kreet, toon dat ons na iets nuuts moet soek.

In ons sang en in ons kreet lê ons eenwees as Pukke, wat ons manne moet aanspoor! As ons 'n eenheid vertoon, sal hulle ook as 'n hegte eenheid op die veld oorwin!

A.S.M.

Verkiesing wek ongekende belangstelling

DIE verkiesing van die Studenteraad en die besture van die vyf hoofliggame verlede Woensdag, het so suksesvol verloop dat die mening allerweë uitgespreek is dat die stelsel wat gebruik is in die toekoms herhaal kan word.

Verskeie studente met wie Die Wapad gepraat het, het hulle tevredenheid te kenne gegee met die feit dat die besture van die hoofliggame vanjaar ook by die stembus verkies is en nie op 'n verkiesingsvergadering wat gewoonlik swak bygewoon word nie.

Die stempersentasies vir die hoofliggame was oor die algemeen goed. Volgens syfers wat deur mnr. Ben de Klerk, die verkiesingsbeampte, aan die Wapad verstrek is, het die hoogste stempersentasie, nl. 78%, voorgekom by die P.N.B. In die verkiesing van die voorsitter en die A.O.B.-verteenwoordigers het 62% van die stemgeregtigdes gestem. Vir die S.S.B. was die persentasie 55%, vir Korps 52% en vir die A.B.K.K. 44%.

BEDROWE

Mnr. De Klerk het gesê dat sy belangrikste indruk van die verkiesing die verbasende manier was waarop daar reg gestem is. Slegs sowat twee persent van die stembriefies was bedrowe. Hy skat die stempersentasie oor die algemeen twintig persent hoër as vorige jare.

Volgens mnr. De Klerk het dit gelyk of die manier waarop die saal gerangskik was, gehelp het om die stemming te vergemaklik. Desnieteenstaande wou dit tog voorkom of veral die eerstejaars nie heeltemal op hulle gemak was nie en die groot aantal stembriewe verhoed het dat hulle op hulle gemak kon klaar stem.

DANK

Mnr. De Klerk het sy dank uitgespreek teenoor mnre. Johan van der Walt en William Scott wat hom bygestaan het in die reël van die verkiesing, asook teenoor die studente wat gedurende die dag behulpsaam was met die kontroleer van stemreglyste en die uitgee van stembriewe.

VRUGTE

Ten slotte het mnr. De Klerk verklaar: „Hierdie verkiesing en die belangstelling daarin het die bewys gelewer dat die belangstelling in die georganiseerde studentelewe nie dood is nie. In die verkiesing sien ons klaar die vrugte van die kommissie van ondersoek se verslag."

KAAPSTADSE STUDENTEBLAD DEUR REKTOR VERBAN

Vir die tweede keer vanjaar heers daar groot beroering op die kampus van die Universiteit van Kaapstad. Die aanleiding hiertoe was die verbanning vroeër vandeesmaand van die studenteblad „Varsity" deur die rektor, dr. J. P. Duminy.

In 'n brief wat hy aan die redakteur van die blad geskryf het, maak dr. Duminy melding van vier artikels wat daartoe aanleiding gegee het dat die outoriteite besluit het om die blad op te skort.

HOOFARTIKELS

Onder die stukke is daar 'n berig oor 'n Sweedse „happening;" twee hoofartikels waarin hy die regering en die universiteitsowerhede sterk aanval, en 'n berig oor 'n simposium met die tema „Is God Dood?"

Veral die berig oor die simposium het sterk proteste ontlok. Daarvolgens sou een van die persone op die simposium gesê het: „God is nie dood nie — dit is net dat hy begin stink."

STUDENTERAAD

Vroeër vanjaar is die studenteraad van die Kaapstadse Universiteit onwettig verklaar omdat hulle die konstitusie wat deur die owerhede voorgestel is en wat segregasie in studentebedrywighede sou moontlik maak, verwerp het.

Aan die Natalse Universiteit is die studenteblad „Dome" kort gelede ook deur die rektor, prof. Horwood in die ban gedoen.

31 Vergaderings gehou

Op die onlangse massavergadering het mnr. Willie Coetzee die mening uitgespreek dat die Studenteraad van die vorige termyn 'n rekord opgestel het wat vergaderings betref.

Altesaam 31 vergaderings — 18 gewones en 13 spesiales — is gehou.

Klubkapteins vir 1968

Tydens die verkiesings wat verlede week plaasgevind het, het die sestien sportklubs ook hulle onderskeie besture verkies. Die verskillende klubs het die volgende persone as kapteins gekies:

Jukskei: E. S. van Zyl.
Tafeltennis: J. Scholtemeyer.
Rugby: Carel Kirstein.
Krieket: D. van der Merwe.
Skerm: H. de Villiers.
Atletiek: W. van der Westhuizen.
Hokkie: H. Lessing.
Stoei: J. Preller.
Korfbal: Mej. E. Stighling.
Trampolien: C. Schulenburg.
Judo: B. Pretorius.
Tennis: Bob Wenteler.
Pluimbal: D. Rossouw.
Swem: W. Brewis.
Sokker: A. Wright.
Netbal: Mej. R. de Klerk.

LA VOGUE
POTCHEFSTROOM SE MEES MODERNE DRAPERIE HANDEL.
La Femme Drapers (Pty.) Ltd.
KERKSTRAAT 130,
Telefoon 3822.

HOOFLIGGAME SE BESTURE

Die eerste lede van die nuutgestigte Polities-nasionale Bestuur en Algemene Ontspanningsbestuur is verlede Woensdag verkies. So is die besture saamgestel:

Polities-nasionale Bestuur:
Voorsitter: C. F. C. Coetzee.
Ondervoorsitter: C. G. van der Merwe.
Sekretaris T. J. Kruger.
Penningmeester: N. Lessing.
Addisionele lede: R. G. Aucamp.
C. J. Coetzee.
H. S. Coetzee.
F. Postma.
Mej. H. Venter.
Mej. L. du Plessis.
Algemene Ontspanningbestuur.
Voorsitter: L. M. Fourie.
Ondervoorsitter: T. J. Kruger.
Sekretaresse: Mej. B. Engelbrecht.
Penningmeester: N. Lessing.
Addisionele lede: Mej. A. Brink.
J. Venter.
Mej. D. Otten.
A. Coetzee.
L.Vorster.
Mej. B. Chapman.
J. Erasmus.
Mej. A. van der Walt.
Mej. M. M. Coetjee.
L. van Rooyen.

Tukkies wil nie das dra

In 'n poging om vas te stel of die hempbaadjie in die somer gewilder klasdrag sal wees as die gebruiklike hemp en das, gaan die studenteraad van die Universiteit van Pretoria honderde vraelyste op die kampus sirkuleer.

Voorsitter van A.B.K.K. herkies

Mnr. Jan-At Kruger, wat sedert vroeg vanjaar voorsitter van die A.B.K.K. was, is tydens die onlangse verkiesings onbestrede in dié pos herkies.

Korpsbestuur

Die dagbestuur van Korps Veritas Vincet Bestuur vir die termyn wat voorlê, is soos volg saamgestel:

Voorsitter: Mnr. Anton van Rensburg.

Ondervoorsitter: Mnr. Pontifex Venter.

Sekretaris: Mnr. Petri Schutte.

Penningmeester: Mnr. Dawie Viljoen.

Organiseerder: Mnr. Leunis van Rooyen.

Die name van die addisionele lede, wat vanjaar uit verskillende wyke gekies word, is nog nie bekend nie.

na aksie..
satisfaksie

vol-ja smaakvol

VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA VIR RIGGIO TOBACCO CORPORATION OF NEW YORK LIMITED

Spraakleer en Drama verras met Moeder Hanna

Die departement Spraakleer en Drama het vanaf 5 tot 9 September vir die soveelste maal verras met hulle aanbieding van Moeder Hanna.

Moeder Hanna is geen historiese drama nie, maar by uitnemendheid 'n karakterdrama. Dit beweeg in die bewoë tydperk tydens die Tweede Vryheidsoorlog. In dié spanningsveld van onsekerheid, droefheid, dood, ellende staan Moeder Hanna in die brandpunt van elke handeling. Sy speel ook gestilleerd wat haar nog meer prominent en selfs eensaam na vore bring.

Op 'n eerste vlak wil hierdie drama 'n stukkie hartseergeskiedenis uit die Tweede Vryheidsoorlog wees, met 'n onverbiddelike vrou as dryfveer tot die daad van haar man en seun. Dit is miskien nie heeltemal so simplisties nie, want om Hanna is alles onendig gekompliseerd; die oorlog met sy smart het alles geintensiveer.

TWEEDE VLAK

Maar hierdie drama spreek ook op 'n tweede vlak. En hierdie tweede „laag" wat blootgelê word, meen ek, is die kern daarvan. Dit wil naamlik 'n eksperiment wees in die moderne doodsproblematiek, veral aktueel in die jare sestig waar die moderne wysbegeerte stik in die eindpunt van futiliteit van veral die Eksistensialisme en sy jonger broer, die Nihilisme. Is die oorblywendes 'n oorlog nie moreel verplig om voort te veg nie? Al is dit tevergeefs! Hierdie vraagstuk kry beslag in die siening van die dood as voltooiing, as singewende eindpunt. By Hanna, as simbool van hierdie worsteling kry ons algaande 'n verhole doodsverlange.

In hierdie geestelike hoogspannig van problematiek behou die skrywer deur sy konkreet beeldende vermoë 'n dringende aanslag op die toeskouer — hy word deelgenoot in 'n roerende menslike vraagstuk.

TRIOMF

Die opvoering van Raka en veral Moeder Hanna is 'n triomf vir regisseur en spelers. Die keuse van rolle was besonder gelukkig. Lottie van Rensburg gee aan haar rol 'n klassieke geldigheid. Sentistief en gevoelig is spel van Elbie Standring (Maria). Abri le Roux sukkel aanvanklik, maar word naderhand in stem, houding en gebaar 'n ou, ou man (Oupa). Ook Louis Stander het treffende spel gelewer. Slegs Louw le Roux (Bart) was effens uit sy plek uit — hy het nie heeltemal daar tuis gehoort nie. Maar dit doen geen afbreuk aan die geslaagdheid van die opvoering nie.

Ten slotte: 'n drama wat in alle opsigte bevredigend verloop. Veral deur die afgerondheid van die spelers en insig van die regisseur staan die jong Departement Spraakleer en Drama sy plek naas TRUK in Transvaal as waardige „toneelgeselskap" vol.

P.H.R.

Die spelers in Moeder Hanna,

Vasary oorweldig gehoor

Die beroemde Hongaarse pianis, Tamas Vasary het Potchefstroomse musiekliefhebbers verlede Saterdagaand bekoor, nee oorweldig, met sy uitmuntende spel in die Konserwatorium.

Vasary, wat op agtjarige ouderdom sy debuut gemaak het, het drie werke gespeel; van Schubert, Brahms en Lizst. Wat my veral opgeval het, was sy gemaklike, ontspanne houding voor die klavier. Tog kon hy volkome daarin slaag om die dinamiek van die komposisies na die gehoor te projekteer.

SONATE

Die Schubert-sonate het hy feitlik tentatief vertolk en die ligte aanslag en verskeidenheid eie aan Schubert se komposisies volmaak weergegee.

By die Brahms het mens nog meer ondere die indruk van sy tegniese vaardigheid gekom, terwyl die vertolking van die Lisztwerk die gehoor in ekstase gelaat het.

OORHEERS

Ek kan nie een van die drie werke uitsonder as die voortreflikste nie. Elke moment van die konsert was 'n hoogtepunt. Elke oomblik het Vasary met sy spel die vol saal betower en volkome oorheers. En aan die einde van 'n voordrag het hy die oorweldigende applous met 'n skaam glimlaggie ontvang.

In Potchefstroom sal hierdie Meesterskonsert nie gou vergeet word nie.

L.d.P.

SLEUTEL TOT VERSTAAN BLY VERBORGE

Die „Gruppe dap"-uitstalling wat van die 11—20e September in die kunslokaal van die Frans du Toit-gebou vertoon is, is kontemporêr, eietyds, vreemd prikkelend; maar beweeg ook op die grense van ekspressiemoontlikheid.

Vlak, lyn, kleur, beweging stol in 'n bisarre vereenstrengeling. Byna sonder uitsondering vind elke skildery hom in die skemerlandskap van die mens se gees. En kry 'n metafisiese noodwendigheid. Vanuit die aardse tot iets veel lewegewender en 'n vermenging tussen hierdie twee moontlikhede wat mekaar se korrektief worrd: selfs in 'n sekere stryd.

GETAS

Maar meer en dikwels word dit vir my 'n blinde getas en mors met verf om uitdrukking te gee aan dit wat ontgogeld en onaantasbaar êrens huiwer. Vir die kunskritiese boorwurm mag die werke tegnies veel interessanthede oplewer, maar vir die gewone liefhebber van die skilderkuns bly dit 'n wanhopige gespartel in 'n ordelose en roekelose aanwend van verf.

VERBORGE

Na my mening is die tentoonstelling se gehalte die bereiking van 'n eindpunt in uitdrukking. Die so noodsaaklike sleutel tot verstaan lê verborge in die kunstenaar!

LUDWIG

KUNSGESELSIE

Die kunstenaar na die sondeval moet herskep tot in die verste, verste pool van sy menswees. Dit is sy opdrag en goddelike roeping: in diens van God. En dit is eensame werk. Hy moet soos Brandaan uitgaan om die werklikheid te leer ken. Om saam met Opperman te praat... „die volle skepping aanvaar in sy goedheid en boosheid.... of as ons dit godsdienstig wil stel, alles as byna onpeilbare wondere van God sien."

OBJEKTIEF

Die groot volwasse kunstenaar haal uit die werklikheid die waarheid, die essensiële, die pit van die vlam. Hy bly nie in homself vassteek nie. Daarom is hy objektief, skynbaar wesenloos, omdat hy homself opoffer, kruisig, en het hy oënskynlik ook geen vaderland nie. Behoort hy tot diegene wat deur die eeue aan die „onvoltooide groot gesprek" deelneem.

BALANS

Maar tog bly hy mens: aards en worstelend, in voortdurende spanning met sy alterego, die kunstenaar. In die gelyke stryd sal daar balans wees in sy kuns. So nie ontaard dit in eensydigheid, didaktiek miskien, of vervloei spanningsloos in 'n kletsende retorika.

Vir die kunstenaar as kind, kind van God, is nie net die goeie toelaatbaar om mee te arbei nie. Nee, dan begryp hy nie sy opdrag nie, of erger: dan is hy nie getrou aan sy roeping nie. Want die kunstenaar moet eerlik praat soos sterfbewoorde, sê Van Wyk Louw. Ook hier moet hy getuig. Moet hy sy kuns aan die eise van die kuns laat beantwoord — ten volle. Binne die newelagtige wêreld van verhulling en onthulling.

TAAK

Ons leef in die tyd van die sekularisme, die ontmitologisering van die Logos, die verfyning en nuansering van die bose in die gedaante van die goeie. Grofweg uitgedruk kan mens sê die wêreld is dekadent verslae, tot sat wordens toe moeg, aan die ander kant selfs jubelend in sy vreugde om sonder God te leef. Maar leeg ja, en juis daarom is die Christelike kunstenaar se taak soveel groter: om alles by die naam te ken; om tot in die diepste skuilhoeke te kan delf — altyd vooraan, altyd die herhout, vernuwer en so gesant van God.

'n Christelike kuns hoef nie te verval in konformisme, in 'n starre konserwatisme en tradisionalisme nie. Nog minder hoef dit altyd te bekeer, opheffend, troostend of strelend te wees. Maar dit moet kontemporêr, aktueel wees; geldend en duursaam as getuienis. Ek sê getuienis — die groot kunstenaar is immers profeet en strydend in die brandpunt van die stryd. Sy kuns sal nie in diens staan van een enkele instansie of owerheid nie, ook nie in diens van homself nie — want dan is hy maar 'n kwakprofeetjie, 'n siek mens; maar sy kuns sal alleen in diens staan van God.

AANVAAR

Om so die kunstenaarsroeping te aanvaar is 'n bitter kosbare, breekbare taak. Enkeles in 'n volk ontvang die genade om dit waardig te wees. Ander bulk en sterf in die wind. Want die groot kuns moet die voos en brakkolle sonder huiwering uitwys, en ook opreik en groei om die wondere in die skepping aan te toon. Kortom: elke skakering in die mens wat hom roer moet beslag kry en sy neerslag vind in die kuns.

P.H.R.

Onderliggame se voorsitters

Die voorsitters van die verskillende onderliggame van die A.B.K.K. vir die komende termyn is soos volg:

Alabama: Johan van Rensburg.
Volkspele: Johan Schutte.
Universiteitskoor: W. Smuts.
Debat: Ben van Jaarsveld.
Thalia: Dirk Laufs.
Skaak: Mac van der Merwe.

'n Oorspronklike aanbieding van Raka

In 'n interessante voorprogram tot Moeder Hanna was daar 'n verrassende aanbieding van Van Wyk Louw se lang epiese gedig Raka. Dit is 'n spreekkoor-aanbieding met uitsluitend stilistiese spel; choreografies aantreklik deur die kantige, strak bewegings.

Ek sê die spel is hier tot 'n minimum beperk, die klem val op die gesproke woord, alhoewel hulpmiddele soos effektiewe beligting, byklanke en simboliese kostumering — Raka is bv. swart en suggereer die bose, die duistere, die aardse en Koki is wit, verpersoonliking van die goeie, die edele, die skone, die sentrale motief steun.

APPÈL

Die resultaat is, hoewel soms effens retories, tog oorspronklik en 'n sterk appél op die toeskouer. Die boodskap van hierdie meesterwerk kom tot sy reg danksy die inisiatief en indringende kennis van die regisseur Teunis Botha.

P.H.R.

FLIEKS !
POTCH.
INRYTEATER

WOENS. 20, DON. 21 SEPT.
om 7.00 nm.
VRY. 22, SAT. 23 SEPT.
om 9.00 nm.
VIVA MARIA
BRIGITTE BARDOT
GEORGE HAMILTON
(Persone 4 tot 16 nie toegelaat nie).

MON. 25, DINS. 26, WOENS. 27,
DON. 28 om 7.00 nm.
VRY. 29, SAT. 30 SEPT.
om 6.45 nm.
THE GREAT CARUSO
MARIO LANZA
ANN BLYTHE

VRY. 29, SAT. 30 SEPT.
om 9.00 nm.
BROKEN SABRE
OORLOGSDRAMA

GRAND
TEATER

WOENS. 20. DON. 21 SEPT.
I DEAL IN DANGER
ROBERT GOULET
CHRISTINE CARRERE

VRY. 22, SAT. 23 SEPT.
LIFE AT THE TOP
LAURENCE HARVEY
(Persone 4—18 nie toegelaat).

Spesiale Middagvertoning
SAT. 23 SEPT. om 2.15 nm.
THE QUEEN OF
PIRATES

MAAN. 25, DINS. 26 SEPT.
Walt Disney bied aan:
THE UGLY DACHSHUND
DEAN JONES
SUZANNE PLESHETTE

WOENS. 27 tot SAT. 30 SEPT.
THE GREATEST STORY
EVER TOLD
MAX VON SYDOW
DOROTHY McGUIRE
CHARLTON HESTON

VIR MODERNE VERLOOFRINGE:

TRANSVALIA
JUWELIERS

STADSENTRUM,
POTCHEFSTROOM.

Die lente is hier! Die bome begin bot en die bloeisels maak skaamskaam hulle verskyning. Niemand kan dus die manne wat so knaend begin sleep, kwalik neem nie.

DIAMANTE

Ek hoor 'n paar van ons manne het 'n diamantneerslag ontdek en vandaar die baie verlowings. Hartlik geluk aan Dok Briers en Susan van Wyk, Wimpie Rabie en Daphné van Staden, Gert Victor en Magdaleen Steenekamp en Herman Conradie en Dorothy Bezuidenhoudt. Johan van Wyk het glo ook sewe jaar vir Pranie du Plessis gewerk. Klaas Havenga is glad nie spyt dat hy van Kimberley afkomstig is nie. Nou besit hy mos 'n deeglike kennis van diamante.

Hartlik geluk ook aan Chris Aucamp en Marba le Roux asook aan Len Goodchild en Bellie van Rensburg wat die vakansie in die huwelik getree het.

BRAAIVLEIS

Oosterhof se braaivleis het 'n hegte vriendskap tussen Piet Mitchell en Clara van den Berg laat ontwikkel. So van 'n braaivleis gepraat; dit is glo by die Aptekersbraaivleis waar Izak Pieters vir Annemarie Botha ontdek het.

Danie Olivier dink dat Pote sommer belowende talent het en natuurlik is dit Alet Greeff. Dit is seker ook die rede waarom Neels Malan en Hannetjie Beukes so dikwels saam gesien word. Ninke Groenewald sê dat sy weer meer van 'n Kovsie hou en veral Johan du Plooy.

„BIB"

Marietjie Laufs sien glo al ses weke lank uit na die herstel van Kobus du Plessis. Sarel Myburgh sê dit is voordelig om in die „bib" te gaan „swot". Andersins sou hy mos nooit gesien hoe oulik Hendra Joubert is nie. Woudt ten Haaf en Gerda Erasmus sal glo glad nie omgee om elke aand J.V. toe te gaan nie.

Fiip Joubert sê dat ou liefde roes maar nooit verroes nie. Dit is natuurlik die rede hoekom hy en Sandra Coetzer weer saam gesien word. Frans Roodt en Maggie du Buisson wens glo dat dit elke week Intervarsity moet wees.

Die volgende slepers verdien ook glo al lankal vermelding: Louis Nel en Mart Yssel, Ernie Carter en Annette Kruger, Gert Smit en Ina Oosthuizen, Johan Kotze en Grietjie Potgieter, Braam Aucamp en Annetjie Roos, Ryno Varkevisser en Suria Pienaar, Fanie Potgieter en Lydia Vermeulen, Harold Meyer en Retha van der Westhuizen, Dup de Bruyn en Cecile Hölscher en Chris van der Walt en Neelsie Smit.

Vandag moet ek van my slepers afskeid neem. Lekker sleep en hou die blinkkant bo! Adios!

Die Afrikaner en sy Geskiedenis

Daar is 'n kragtigwordende beweging aan die gang om Geskiedenis tot matriek as verpligte vak erken te kry. Die belangrikste argument wat aangevoer word, kan opgesom word deur te verklaar dat dit tot selfkennis en self waardigheid sal lei.

In hierdie argument lê baie waarheid. Wat is 'n volk per slot van sake? Bestaan die Afrikanervolk slegs uit die huidige Afrikaners? Nee, die volksbegrip is 'n dinamiese begrip. Die Afrikanervolk bestaan uit die Afrikaners van gister, dié van vandag en dié van die toekoms. Al hierdie mense vorm saam die Afrikanervolk.

'n Mens kan nie die Afrikanervolk verstaan en ken as jy slegs 'n gedeelte of faset bestudeer nie. Ware kennis van 'n volk kan slegs verkry word as jy ook sy geskiedenis ken.

ANTWOORDE

Die geskiedenis gee antwoorde op die probleme en ideale van die hedendaagse. Die ideale van vandag bied weer die hedendaagse aan die toekoms, want dit bepaal die ontwikkelingspad (of kontinueringspad), van 'n volk.

Gister, vandag en more het eweveel deel aan die Afrikanerbestaan. So gesien moet ons die bogenoemde beweging steun en die hoop uitspreek dat dit suksesvol eindig.

EENHEID

Soms word geredeneer dat die Afrikaner sy verlede moet vergeet, want ons staan nou op die drumpel van nasionale eenheid in Suid-Afrika. Die voorstanders hiervan begryp nie die effek van nasionale eenheid nie.

Nasionale eenheid het te doen met die vorming van 'n nasie (politieke eenheid) wat uit meer as een volk bestaan. Die Afrikanervolk bly as kultuureenheid voortbestaan.

'n Vraag is of ons in Suid-Afrika met meer as een blanke volk te make het? My eie standpunt is dat slegs die Afrikaners 'n volk vorm. Daar is wel twee amptelike tale, maar die Engelssprekendes bestaan uit verskeie brokstukke. Dit is nie onmoontlik dat daar mettertyd 'n volksbewussyn by hulle kan ontstaan nie.

PRIKKELS

Indien so 'n nuwe volk ontstaan, sal sy stamvolke wees: Afrikaners, Portugese, Grieke en natuurlik Engelse met enkele kleiner toevoegings. Daar moet eers prikkels in die volksgevoel ontstaan. Miskien word die prikkels gevind in 'n anti-Afrikanerbeweging. Indien daar nie sterk prikkels ontstaan nie (daar bestaan miskien reeds vae prikkels) is die enigste uitweg dat hulle deur die Afrikaners geabsorbeer word.

J. M. T. LAUSCHAGNE

Elektroniese rekenaar in gebruik geneem

Die P.U. se eerste elektroniese rekenoutomaat is verlede Donderdagoggend deur die rektor, prof. H. J. J. Bingle, in ontvangs geneem. Die oorhandiging van die outomaat, wat teen 'n koste van R40,000 aangekoop is, is tydens 'n byeenkoms in die Fisikagebou deur twee verteenwoordigers van die IBM-maatskappy gedoen.

By dieselfde geleentheid is R500 namens die maatskappy aan die universiteit oorhandig vir die instandhouding van die outomaat.

DIREKTEUR

De direkteur van die rekenaar wat voorlopig hoofsaaklik deur die departemente Fisika, Statistiek en Wiskunde gebruik sal word, is dr. J. F. de Beer, senior lektor in die departement Fisika.

ADMINISTRASIE

Volgens 'n lid van die personeel wat die outomaat beman, word dit in die vooruitsig gestel dat die outomaat uiteindelik ook deur die universiteitsadministrasie gebruik sal word in sake soos die berekening van salarisse. Op die oomblik werk die outomaat 16 uur per dag, maar dit word beplan om dit 24 uur per dag te laat werk.

-- SR se beleidsverklaring --

(Vervolg van bladsy 1)

Stellenbosch, Port Elizabeth en Rhodes se studenterade onderneem, waartydens organisatoriese sake bespreek is. Ons sal vanjaar voortgaan met ons skakelbeleid en poog om 'n toer te onderneem waartydens besoeke gebring sal word aan die Studenterade van Univ. Natal, Wits en Tukkies. Op hierdie samekomste wil ons die bespreking dieper dryf en ook oor beleidsake konfereer. Ek voel die tyd is ryp hiervoor. Wat betref gereelde skriftelike skakeling met ander Studenterade sal ons voortgaan daarmee.

BYDRA

Behalwe inter-universitêre skakeling sal ons tot 'n groter mate klem laat val op openbare betrekkinge en sal hierdie Studenteraad dit sy taak maak om deeglik kennis te neem van enige aangeleentheid wat ons as Studentegemeenskap mag raak. Of dit nou 'n Onderwyswet, 'n Jeugkongres of Simposium oor Kommunisme is, sal ons 'n studie daarvan maak om sodoende meer rypheid vir ons as studente te verkry en ook om op 'n beskeie manier ons deel te kan bydra vir ons volk en ons land.

AANVAAR

Geagte mnr. die Voorsitter, dames en here, om te verseker dat alles wat ek hierbo gesê het, nie slegs 'n klomp woorde sal wees nie, maar dit verwesenlik kan word wil ek 'n beroep op u doen om die Studenteraad te aanvaar as deel van u, deur u verkies, uit u eie geledere en slegs tot u diens. Die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. staan op die drumpel van magtige ontwikkeling en laat ons as een geheel ons deel bydra vir ons Alma Mater.

En waar ons deur die deur van ontwikkeling saamstap, laat dit met hierdie woorde op ons lippe wees:

„In al ons handel, spel en werk hoor ons Jou Roepstem magtig sterk."

Prof. H. J. J. Bingle, dr. J.F. de Beer, mej. K. Moraal, prof P. H. Stoker en prof. W. P. Robberste by die rekenoutomaat wat die P.U. onlangs aangekoop het. (Foto: Fotokuns)

Verlief? . . . Gekys?

Vir al u probleme met ringe, raadpleeg . . .

IVAN DE BEER

vir 'n Groot Besparing

Crownstraat 2, Telefoon 763-3115,
Horizon,
ROODEPOORT.

— (Streng Vertroulik) —

Kies u eie Steen en Setwerk

Ry in die WAPAD

met 'n TRAPFIETS
'n MOTORFIETS
van
PARK FIETSWINKEL
Van Riebeeckstraat 81 en Kerkstraat 77.
SUZUKI'S HONDA'S B.M.W.
Onderdele — Herstelwerk

PARADISE RESTAURANT

Dié kafee op Die Bult . . .
dié kafee waar studente hul
koeldrankie drink,
EN SNOEKER SPEEL!
BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WELKOM.
Tomstraat 86 Tel. 5474

piekfyn
moderne manswinkel met moderne dinge vir moderne mense
danksy

Uniewinkels
KERKSTRAAT 86 & 4 TOMSTRAAT 100

Over de Voor kry onmoontlike reg... Taaibos verloor

IN 'n uiters spannende wedstryd het Over de Voor se eerstespan verlede Saterdag daarin geslaag om Taaibos in die jaarlikse intervarsity in der kleine tussen die twee koshuise, met 16—13 te klop.

Van die afskop af was dit duidelik dat die Over de Voor-manne alles in die stryd sou werp teen die swaarder en blitsige Pretorianers.

Losskakel Johan Kruger was die angel in Over de Voor se span. Sy skoppe na die kantlyn was goed en sy blitsige breekslae het die verdediging telkens in die war gestuur. Die nodige afronding het egter kortgekom om hierdie breekslae in punte te omskep. Senters Chris Swanepoel en Dries du Plooy het Taaibos se senterpaar, Snyman en Cullen, nie veel beweegruimte gegun nie en het self gevaarlik vertoon.

Onder Over de Voor se voorspelers kan daar nouliks iemand uitgesonder word. Hoewel Taaibos 'n voorsprong in die skrums en lynstane geniet het, het Over de Voor se agttal hulle goed vasgevat en hardnekkig verdedig. Veral Cor Marx het die oog met sy kragspel gevang en was saam met Barney Creighton en Kobie Botha in die losspel orals te sien. Kaptein Gert Kruger het in die lynstane en losskrums die bal telkens bemeester.

HOEKSKOPPE

Onder Taaibos se voorspelers het flank D. Louw uitgeblink, hoewel hy by tye deeglik aan bande gelê is. Losskakel Trevor Jacob het die Over de Voor ondersteuners telkens met goed geplaaste hoekskoppe benoude oomblikke besorg en Taaibos was een of twee keer ongelukkig om nie na so 'n skop punte aan te teken nie.

Vir Over de Voor het Dries du Plooy kort na die begin van die wedstryd met 'n strafskop geslaag. Daarna het 'n drie deur Johan Kruger gevolg wat deur Dries du Plooy vervyf is. Dries du Plooy het hierna self agter die doellyn gaan kuier en het weereens veervyf. Die rustydtelling was 13—0 in Over de Voor se guns.

VERWOEDE AANVALLE

Na rustyd het Taaibos die een verwoede aanval na die ander geloods en hulle is dikwels net voor die doellyn gestuit. Nogtans het hulle Over de Voor se telling stadig maar seker begin inhaal. D. Louw het Taaibos se eerste punte aangeteken met 'n drie agter die pale. Trevor Jacob het vervyf. Daarna het R. Snyman die agterstand laat krimp met 'n drie wat ook deur Trevor Jacob vervyf is.

Dries du Plooy het hierna met 'n skitterende strafskop geslaag om Over de Voor se voorsprong tot 16—10 te vergroot.

Taaibos het weereens die spanning tot by die breekpunt gevoer toe vleuel N. Orsmond kort voor die einde van die wedstryd 'n onvervyfde drie gedruk het.

OORWINNAARS

Over de Voor het teruggeslaan en was ongelukkig om in die laaste minuut nie 'n drie te behaal nie, maar het nogtans as oorwinnaars van die veld gestap — 'n oorwinning wat hulle terdeë verdien het.

Over de Voor het in die jaarlikse kragmeting met Taaibos nou twee keer geseëvier en Taaibos een keer.

Taaibos se tweedspan het met 9—0 gewen en hul derdespan met 17—3.

Taaibos het egter die tennis gewen. Over de Voor se eerstetennisspan het geseëvier maar die tweede en derde spanne het nie die paal gehaal nie.

Janniie Nel, waarnemende kaptein van die Puk se eerste krieketspan wat Saterdag so uitmuntend teen Potch. Dorp vertoon het, demonstreer enkele fyner kunsies aan 'n paar van die spelers. Prof. H. L. Swanepoel, een van die span se afrigters, verskyn tweede van links op die foto. (Foto: De Zee)

Krieketspan ruk reg teen Potchefstroom

Die P.U. se eerste krieketspan het Saterdag in sy wedstryd teen die span van Potchefstroom Dorp reggeruk en windmaker in hulle tweede beurt gekolf. Hierdeur het hulle bewys dat hulle insluiting in die eerste liga geregverdig was.

Nadat die span van Dorp in hulle eerste kolfbeurt 220 vir 6 verklaar aangeteken het, is die span van die Puk ingestuur om te kolf.

SWAK LIG

In uiters swak lig het die Pukke spoedig vier van hulle paaltjies verloor voordat die eerste dag se spel gestaak is. Saterdag het dit nie veel beter gegaan nie, en binne 'n uur was almal uit vir slegs 89 lopies.

ONBESLIS

In die opvolgbeurt het die span van die Puk veel beter vertoon. Veral Jan Kruger (51), Jos Coetzee (44) en Philip Schlebusch (46) was daarvoor verantwoordelik dat die span teen uitskeityd 226 lopies vir die verlies van 5 paaltjies op die telbord gehad het en die wedstryd sodoende onbeslis laat eindig het.

Gimnasium word in vooruitsig gestel

Volgens mnr. Piet Malan, direkteur van die sporinstituut aan die P.U., gaan 'n volledig toegeruste gimnasium vir die gebruik van alle sportmanne op die kampus uitgerus word.

Omdat 'n gebou nog nie beskikbaar is nie, sal die gimnasium voorlopig in die sinkgebou agter die hoofgebou gehuisves word.

Volgens mnr. Malan sal die gimnasium hoogs modern wees en sal dit toegerus wees met gewigte, fietstrappe en ander apparaat.

KOMPLEKS BEHAAL TWEEDE OORWINNING OOR MAFEKING

Die rugbyspan van Kompleks-Dorp het verlede Woensdag bewys dat hulle oorwinning teen Mafeking I 'n tyd gelede nie sommer 'n gelukskoot was nie deur hulle weer te klop met 19—18.

In die vyfde minuut van 'n mooi wedstryd het Gert Lategan sy span se aanvanklike agterstand uitgewis deur 'n drie in die hoek. Piet Bruwer se vervyfskop het Kompleks-Dorp laat voorloop met 5—3.

VOORSPELERS

Daarna het Fanie Coetzee 'n drie langs die pale gedruk nadat al die voorspelers gehanteer het. Die drie is deur Bruwer vervyf. 'n Drie deur Jan Barnard het die halftydtelling op 13-3 te staan gebring.

Na rustyd het Mafeking die voorsprong na 13—9 laat krimp maar Piet Bruwer het met twee strafskoppe geantwoord.

VOORSPRONG

Mafeking het nog twee drieë en 'n strafskop by hulle telling gevoeg, maar Kompleks-Dorp se voorsprong was groot genoeg om hulle met 19-18 te laat wen.

Landloopspan wen padaflos

Die P.U.-landloopspan het verlede Saterdag die Parys-Potch. aflos-padwedloop in die tyd van 3 uur 1 min 6 sek gewen. Dit het hulle naaste teensanders met ongeveer 14½ minute geklop.

Die P.U. se A-span het bestaan uit Chris Hattingh, Tinus van Rooy, George Müldner, Freddie Klein, Wouter Uys en Louis van Wijck. Van hulle het vier die beste skoftye oor hulle skofte aangeteken.

Fanie van Zijl het op uitnodiging vir P.U. B, wat derde geëindig het, gehardloop. Hy is reeds ingeskryf as student aan die P.U. en sal na verneem word 'n inwoner van Dawie Dup-Suid word.

Foto vereis

Vanaf volgende jaar sal van elke persoon wat aan die Universiteit van Pretoria inskryf, 'n paspoortfoto vereis word. Die foto sal op studente se inskrywingsbewyskaarte aangebring word, volgens 'n woordvoerder van die universiteit.

TRANSVALER.

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 Telefoon 5032
POTCHEFSTROOM
— Ons hou alles aan wat dames benodig —
Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
tot jassies en sokkies.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
Turkstra
te kry by u kafeteria

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
Boeke vir Studie en vir Ontspanning
PRO REGE-PERS BPK.
„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"
Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944
H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431
POTCHEFSTROOM

Met komplimente van
AJAX
(Edms.) Bpk.
BOEKE — SKRYFBEHOEFTES

INSLEEP!
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.